

# Oktober 1981



Redakteur/Editor - **Barnie Stevens**  
Kunstenaar/Artist - **Johan Reyneke**  
Fotograaf/Photographer - **Jakkie Pretorius**

## Van Ons Lesers

Ons bedank mnr. J W S Wessels van Annaspan, Dealesville vir die duidelike beskrywings van die Muil-, Osse- en Bokwa.

## Drukfout

Wyle mnr. Malan Marais

Die 'Musik-Automat' waarvan in die vorige uitgawe 'n foto verskyn het, is geskenk aan die Museum uit die boedel van wyle mnr. Gideon Malan *Marais* van Theunissen. In die vorige uitgawe van die Nuusbrieff, bladsy 7, is mnr. Marais se van per abuis weggelaat.

## NUWE AANSTELLINGS



Martie Venter, Tegniëse-assistent Geskiedenis (links) en Bettine van Wyk, Tegniëse-assistent Paleontologie.

## HYSBAK

1981 is die Internasionale Jaar van die Gestremde Persoon. 1982 sal die jaar van die Bejaarde wees.



Ten einde die Nasionale Museum meer toeganklik te maak vir gestremdes en bejaardes is onlangs weggedoen met trappies by die voorhek en hoofingang van die Museum. Opritte is by die ouditorium en toilette aangebring en een toilet is van die nodige handreëlings voorsien wat dit geskik maak vir gebruik deur gestremdes.

Hoewel gestremdes en bejaardes nou vrylik toegang het tot die hele grondvloer en die ouditorium kan hulle nog op geen ander wyse as met die trappe op die eerste vloer van die Museum kom nie. Die Museum — in samewerking met die Kreupelsorgvereniging — gee tans aandag aan die moontlikheid om 'n klein hysbak te installeer waarmee persone in rolstoele en bejaardes sowat vyf meter hoog na die eerste vloer opgetel kan word. So 'n hysbak sal ingevoer moet word en kos sowat R10 000. Persone wat geldelike bydraes hiervoor wil maak, kan dit pos aan die Hysbakfonds, Kreupelsorgvereniging, Posbus 2098, Bloemfontein, 9300. ©

---

Museumnuus is 'n gratis ses-maandelikse nuusbrieff van die Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein, 9300, Tel. (051)79609. Enige foto's of inligting in hierdie nuusbrieff mag met erkenning van die bron gepubliseer word.

Museum News is a free bi-annual newsletter of the National Museum, P O Box 266, Bloemfontein, 9300, Tel. (051)79609. Any photographs or information published in this newsletter may be reproduced with acknowledgement of the source. ©